Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# Bedryf- en organisasiesielkunde 120 (BDO 120)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Programme** | BCur Kliniese Verpleegkunde Gevorderde Verloskunde en Neonatale Verpleegkunde |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Kinderverpleegkunde |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleegkunde: Pediatries |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Operasiesaalverpleging |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Neonatale Verpleegkunde |
| | BCur Kliniese Verpleegkunde Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritiekesorgverpleging: Algemeen |
| | BCur Kliniese Verpleekunde Kliniese Verpleegkunde, Gesondheidsdiagnose, Behandeling en Sorg |
| | BCur Kliniese Verpleekunde: Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde: Trauma- en Noodverpleging |
| | BCur Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) |
| | BCur Verplegingsbestuur |
| | BCur Verplegingsonderwys |
| | BIS Inligtingkunde |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 110 GS |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Slegs vir BNur-studente

Menslike ontwikkeling en persoonlikheid
Die lewenspan en belangrike periodes in die menslike omgewing word behandel met die klem op die betekenis daarvan in die werkkonteks.  Ten opsigte van persoonlikheid word daar onder andere aandag gegee aand ie kulturele konteks van persoonlikheid, die vorming, dimensies en determinante van persoonlikheid, persoonlikheid as gedragsbepaler en die ont¬wikkeling en instandhouding van die selfkonsep.  Aandag word ook gegee aan die basiese metodes van persoonlikheidsmeting en –assessering.

Motivering en werknemer welstand
Een van die baie faktore wat deel vorm van individuele prosesse is Motivering en Emosie. Om insig te hê in individuele prosesse sal bydra tot 'n begrip van hoe en waarom werknemers presteer by hulle werkplekke . Die eerste deel van hierdie semester kursus het ten doel om die student bekend te stel aan die fundamentele teorieë van motivering en emosie. Die tweede deel van hierdie semesterkursus is gemoeid met die erkenning en klassifikasie van sielkundige versteurings, asook die bestuur en bevordering van psigologiese welstand in organisasies. 'n Positiewe siening van psigologiese gesondheid het ten doel om die persoon se innerlike hulpbronne of sterkpunte en uithouvermoeë te fasiliteer sodat hulle gesond bly en effektief kan omgaan.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.